# *Biskop Pos*

## *Augustus September 2021*

NELCSA Logo deel IV

**"Verlede-Hede-Toekoms"**


"Julle weet dat God my van die vroeë dae af onder julle uitgekies het, sodat die heidene deur my prediking die boodskap van die evangelie hoor en tot bekering kom." Petrus, tydens die eerste sinode van die kerk, Handelinge 15,7.

Plekname word verander, monumente uit die tyd vóór 1994 word verwyder. Eintlik is dit niks nuuts nie. Soortgelyke dinge gebeur al deur die eeue heen oor die hele wêreld. Ek self, en baie van ons, het groot geword met selektiewe geskiedskrywing. Op skool het ons geskiedenis begin met Jan van Riebeeck, elke jaar was dit die Groot Trek en die Boere oorloë. Die twintigste eeu was dan die wêreldoorloë en Republiek wording. Die ANC of Mandela is glad nie vermeld nie - so asof hulle nie bestaan het nie.

Ja-nee, selektiewe geskiedskrywing en herinnering is baie gewild. Maar as ´n mens regtig wil vooruitgaan en ontwikkel is dit belangrik om die verlede so goed as moontlik te leer ken, en nie om dit te ignoreer nie.

Tydens die lees van Handelinge die afgelope weke was dit opvallend, hoe dikwels die predikers daar lang stukke geskiedenis in hulle preke aangehaal het. Dit was vir hulle belangrik om te wys hoe Jesus in die geskiedenis inpas.

Dan is daar die berig oor die eerste sinode van die kerk in Handelinge 15. Die besprekingspunt was die noodsaaklikheid al dan nie van Joodse gebruike soos die besnyding en ander rites. Dit het ´n hewige woordestryd veroorsaak, wat eers tot ´n einde gekom het, toe Petrus onthou het, hoedat hy ´n paar dekades vroeër deur God na Kornelius toe gestuur is (Handelinge 10). Dis op grond hiervan dat die sinode die belangrike besluit kon neem dat Jesus Christus alleen en ten volle verlos, en dat tradisies en gebruike nie heilsnoodwendig is nie. Hierdeur kon die evangelie dan ongehinderd die wêreld ingedra kon word.




Die boonste gedeelte van die NELCSA Logo staan vir "Verlede, Hede, Toekoms".

Dis belangrik om die VERLEDE te verstaan en te weet wat ons agtergrond is. Dit sluit goeie en slegte tye in, mooi ontwikkelinge en foute wat gemaak is.

Net so is dit vir leiers in gemeentes belangrik om hulle gemeente se geskiedenis te ken. Dit

help om eienaardighede te verstaan, en ook te weet waar sommige probleme vandaan kom. Dit help ook om te besef watter tradisies en gewoontes nie meer nodig is nie, of selfs in die pad van die evangelie staan.
Dit help dan om die HEDE te interpreteer en beter te hanteer. Dan kan ons ook baie beter die TOEKOMS ingaan.
Die Apostels het moeite gedoen om ook die agtergrond van die nuwe nasies te verstaan, waarheen die Here hulle gestuur het. So kon hulle die evangelie beter aan die mense oordra, wat ´n belangrike rede vir die vinnige uitbreiding van die kerk in die eerste eeu was.
Ook vir ons is dit belangrik om bewus te wees van die verlede sodat ons in die hede stappe kan neem wat die toekoms oop maak.
Hoe beter ons agtergronde ken en verstaan, des te beter kan ons die evangelie van Jesus Christus uitdra!



## News from NELCSA

**Pastor Hugo Filter** retired on 31 July. After his Ordination on 1 January 1984, he served as chaplain before commencing his first pastor´s post in Germiston (1986-94). From there he moved to Wartburg (till 2003) and Hakboslaagte/Potchefstroom (till 2009) before becoming pastor in Braunschweig in 2010. He so far is the only pastor who served in all four circuits of NELCSA. He also served in the Mission Committee and as Dean of the Eastern Circuit.
Despite retiring, he will help out in the Trinity Zululand congregation for a year as of September 2021.
We are grateful for the 36 years that Hugo could work full-time in our church, and also thank his wife Lynette and their now adult children for their support and involvement over the years. May the (reduced) service as retiree be a blessing for the couple and the Trinity congregation.
The pastor´s post in **Braunschweig** is now vacant. May the Lord guide and strengthen the congregation in this time.

The service of **Pastor Dieter Trümpelmann** in NELCSA and St Peters by the Lake ends on the 31st of July 2021, by mutual agreement. May the Lord guide the family on the way forward.
With that the **St Peters by the Lake** congregation becomes vacant. Here too we pray that the Lord will guide the congregation to move forward.

**Pastor Dr. Gertrud Tönsing** has accepted a call to a 50% post by the **St Peters Pretoria** congregation. This is in addition to the full post held by Pastor Dr. Detlev Tönsing. May the Lord bless the service of the Tönsings.

The **NELCSA Synod** has been postponed by a year due to the Covid-uncertainties. However, a Zoom session of Synod will be held on 9 October 2021 to adopt the budget. In order to prepare for this, two Zoom preparation sessions will be held on 14 and 28 August. Synod delegates, pastors, councils, especially treasurers, are requested to attend one of these. Interested members of NELCSA can listen in as well. The budget will be explained, and suggestions can be made, so that they then can be incorporated for the final adoption on 9 October.

We rejoice with the **Kroondal Congregation** which is celebrating 125 years of existence, and hope that a proper celebration will be possible soon.